

'n Kort opsomming van die voorgestelde wysigings aan onderwyswette en die praktiese implikasies vir beheerliggame

1. Inleiding

Hierdie dokument is 'n kort opsomming van sekere van die voorgestelde wysigings aan die Skolewet en die Wet op die Indiensneming van Opvoeders en die praktiese implikasies wat dit vir die magte van beheerliggame sal behels. Die doel van die dokument is om beheerliggame en ouers 'n algehele idee te gee van die omvangryke implikasies wat dit sal hê as dit goedgekeur word en om uit te lig waarom dit baie belangrik is dat die burgerlike samelewing standpunt inneem teen hierdie voorgestelde inperking van die regte van beheerliggame en ouers.

Dit blyk dat die algemene doel van die voorgestelde wysigings is om ouers se regte te verminder deur die beheer van die beheerliggame se magte te verminder.

Teen hierdie agtergrond moet die fundamentele benadering en vrae wees: *Hoe kan die wysiging van onderwyswette bydra tot die verbetering van die gehalte van onderwys wat elke kind in hierdie land op geregtig is en inderdaad ontvang – of in die meeste gevalle nie ontvang nie? Sal die voorgestelde wysigings die ervaring en gehalte van die onderwys wat kinders ontvang, verbeter?*

Hierdie voorgestelde wysigings sal die "fundamenteel belangrike norm van ons demokratiese bedeling" ondermyn en sal inbreuk maak op die "gedefinieerde outonomie" van ouers en lede van die skoolgemeenskap om te besluit oor huishoudelike sake van hul skole. Die voorgestelde wysigings verteenwoordig 'n fundamentele miskennis aan die kant van die Departement van Basiese Onderwys, en uiteindelik die staat, dat ouers 'n deurslaggewende rol speel in die beheer van hul kinders se opvoeding, dat hulle deel is van die "voetsooldemokrasie" van beheer en die rol van ouers word feitlik opgehef deur beheer in onderwysdepartemente te sentraliseer wat op sy beste as 'n totalitêre ingryping beskou kan word.

Die publikasie van die konsepwysigingswetsontwerp word vergesel deur 'n verduidelikende memorandum. Beheerliggame en ouers word aangemoedig om hierdie memorandum saam met die voorgestelde wysigings te lees. Hierdie dokumente is verkrygbaar vanaf ons webwerf.

Spesifieke voorgestelde wysigings / invoegings en hul implikasies:

2. Klousule 1 (g)

- Klousule 1 (g) stel voor dat 'n gewysigde definisie van "lening" ingevoeg word om openbare skole in staat te stel om die dag-tot-dag besigheid van die skool te hanteer sonder om die skriftelike goedkeuring van die LUR te verkry.
- Die voorgestelde definisie van 'n lening sal die net te wyd gooi en sal onsekerheid skep met die woorde "maar nie beperk nie tot". Wat sal die "daaglikse bedryfskoste" van 'n skool behels? 'n Meer presiese omskrywing van "daaglikse bedryfskoste" is nodig. Ons stel 'n definisie van 'daaglikse bedryfskoste' voor wat redelik sal wees met betrekking tot die normale aktiwiteite van skole en wat maklik sal wees om te verstaan en te implementeer.

3. Klousule 2 (b)

- Hierdie voorstel maak dit 'n misdryf vir enige persoon om enige skoolaktiwiteit opsetlik te onderbreek of te ontwrig of om enige skool doelbewus te verhinder of te belemmer in die uitvoering van die skool se aktiwiteite, en daar word voorsiening gemaak vir 'n strafbepaling.
- Die formulering van hierdie klousule is problematies. Dit is denkbaar dat 'n mens dalk net 'n skoolaktiwiteit opsetlik moet ontwrig of onderbreek, byvoorbeeld 'n skoolhoof wat 'n ontruiming as gevolg van bomdreigemente versoek. Ons stel dus voor dat die woorde "en sonder goeie rede" na die woord "opsetlik" ingevoeg word.

4. Klousules 3 en 4

- Klousule 3 bepaal dat die HoD die finale gesag het om 'n leerder by 'n openbare skool toe te laat. Dit bepaal dat die beheerliggaam die toelatingsbeleid van die skool, en enige wysiging daarvan, by die HoD moet indien vir goedkeuring. Die HoD moet sekere voorgeskrewe faktore in ag neem wanneer die beleid of enige wysiging daarvan oorweeg word. In die geval dat die HoD die beleid nie goedkeur nie, moet hy of sy dit aan die beheerliggaam terugbesorg met sodanige aanbevelings as wat nodig geag word.

- Byna 48 000 beleide moet ten minste elke drie jaar deur die Departementshoof ingedien en oorweeg word. Provinsies het nie die vermoë om gewone dag-tot-dag voorleggings en korrespondensie te hanteer nie. Met net minder as 24 000 openbare skole, en met provinsies wat reeds sukkel om bestaande wetgewende verpligtinge uit te voer, het ons probleme om te sien hoe hulle in staat sal wees om te reageer op al die beleide wat ingedien word. Hierdie bepalinge maak nie voorsiening vir 'n tydraamwerk waarbinne die HoD moet antwoord nie. As die HoD nie op 'n voorgelegde beleid reageer of dit goedkeur nie, het die skool nie 'n geldige toelatingsbeleid nie.

Daar word ook nie melding gemaak van die verpligting en reg van 'n beheerliggaam om die kapasiteit van 'n skool te bepaal nie en die konsultasieverpligting wat aan die Departementshoof opgelê word, indien daar 'n konflik tussen die HoD en die SBL is. Die HoD kan dus 'n skool vol verklaar sonder enige insette van die beheerliggaam.

- Klousule 4 bepaal ook dat 'n beheerliggaam die taalbeleid van 'n openbare skool, en enige wysiging daarvan, aan die HoD moet voorlê vir goedkeuring. Die HoD mag die beleid, of enige wysiging daarvan, goedkeur of dit kan met aanbevelings aan die beheerliggaam terugbesorg. Die klousule beoog ook om die HoD te bemagtig om aan 'n openbare skool opdrag te gee om meer as een onderrigtaal aan te neem, nadat sekere voorgeskrewe faktore in ag geneem is.

- Die voorstel dat die HoD 'n skool opdrag kan gee om meer as een onderrigtaal aan te bied, neem nie voldoende rekening met die bykomende koste, hulpbronne en personeel benodig om meer as een onderrigmedium aan te bied nie. Totdat die befondsingsprobleme reggestel word, sal die onbereikbaarheid van 'n bepaling soos die voorgestelde artikel 6 (9) 'n struikelblok bly om leerders toegang te gee tot gehalte-onderrig in watter taal / tale ookal. Die voorgestelde wysigings dui op 'n voorneme om outoritarisme te verhoog en 'n onwilligheid om die waardes en bepalings van die Grondwet te respekteer, te beskerm, te bevorder en te vervul.

5. Klousule 6 (b)

- Klousule 6 beoog om artikel 8 van die SASW te wysig deur voorsiening te maak dat die gedragskode van 'n openbare skool voorsiening moet maak vir 'n vrystellingsklousule, wat dit moontlik maak om leerders op aansoek vry te stel van nakoming van die gedragskode of sekere bepalings daarvan.

- "Regverdige gronde" is eenvoudig te wyd en kan lei tot beuselagtige aansoeke om vrystelling. Dit beteken dat SBL moet vergader om al hierdie aansoeke te oorweeg en te beraadslaag, op 'n beredeneerde wyse op hulle te reageer en tot 'n rasonale besluit te kom. "Billike gronde" moet vervang word deur "godsdienstige, kulturele of mediese gronde". Daar is geen tydsbeperking waarbinne die departementshoof oor die appèl moet beskik nie. 'n Tydsbeperking van nie meer as 14 dae moet gestel word nie.

6. Klousule 7

- Klousule 7 beoog om die bepalings van artikel 8A van die SASW uit te brei deur voorsiening te maak vir die verbod op drank en verbode middels op skoolpersele, tensy vir wettige opvoedkundige doeleindes.

- "Wettige opvoedkundige doeleindes" as 'n konsep word nie gedefinieer nie. Drank kan 'n belangrike element vorm van fondsinsamelingsaktiwiteite vir skole, soos wynveelings.

Gebeurtenisse soos hierdie sal nie meer toegelaat word as die wysiging goedgekeur word nie. As geen drank op skoolperseel gebring kan word nie, sal skole hierdie inkomste verloor en dit sal 'n nadelige uitwerking op 'n SBL se pogings om hul hulpbronne aan te vul hê. Hierdie voorgestelde wysigings moet nie van toepassing wees op fondsinsamelingsgeleenthede wat deur die skoolbeheerliggaam georganiseer is nie. FEDSAS ondersteun die voorgestelde wysiging van subartikel (2) en (8), tot die effek dat 'n individuele leerder ook onderworpe kan wees aan 'n deursoeking en toets.

7. Klousules 10 (a), 32, 33 en 35

- Klousule 10 beoog om artikel 20 van die SASW te wysig deur die magte van 'n beheerliggaam ten opsigte van die aanbeveel van kandidate vir aanstelling te beperk.
- As die wysiging aanvaar word, sal 'n beheerliggaam in staat wees om slegs die aanstelling van posvlak 1 opvoeders aan die HoD aan te beveel, wat die gevolg sal hê dat die keuring en aanstelling van opvoeders op posvlakke 2 tot 4 die uitsluitlike verantwoordelikheid sal wees van die HoD. Dit is baie duidelik dat die voorgestelde wysigings nie die probleem van onbehoorlike invloed tydens die aanstelling van opvoeders sal oplos deur die magte van die SBL te verwyder nie. Dit sal net die probleem verskuif.

8. Klousule 10 (b)

- Die klousule beoog dat die fasiliteite van 'n openbare skool vir opvoedingsverwante aktiwiteite, onder billike toestande wat deur die HoD bepaal word, deur onderwysdepartemente gebruik kan word, sonder dat 'n fooi of tarief aan die skool betaalbaar sal wees.
- Hierdie voorstel sal magsmisbruik uitmaak as provinsiale departemente van skoolfasiliteite gebruik kan maak sonder om die skole behoorlik te vergoed. Die gebruik van fasiliteite van 'n skool sal outomaties finansiële implikasies vir die skool hê, bv. hoër

water en elektrisiteitsverbruik en skoonmaakdienste. Beheerliggame funksioneer in terme van 'n goedgekeurde begroting en hierdie uitgawes sal beslis buite hul goedgekeurde begrotings val. Wie sal aanspreeklik wees vir hierdie uitgawes?

9. Klousule 11

Klousule 11 beoog om die HoD te bemagtig om geïdentifiseerde leerondersteuningsmateriaal vir openbare skole sentraal te verskaf, na oorlegpleging met die beheerliggaam en op grond van doeltreffende, effektiewe en ekonomiese gebruik van openbare fondse of eenvormige norme en standaarde.

- Die implikasies van hierdie wysiging sal wees dat die Departement LOOM vir skole sentraal sal bekom. Gegewe sekere provinsiale departemente se onvermoë om boeke aan skole te lewer, is daar kommer dat die provinsiale departemente nie die vermoë sal hê om betyds geskikte materiaal te lewer nie. In die praktyk kan hierdie wysiging baie problematies wees. Ons stel voor dat skoolbeheerliggame 'n keuse gegee word of hulle sal inskakel by sentrale verkryging en waar die skole wat besluit het om nie sentraal te verkry nie, hierdie funksies nie na behore verrig nie, moet hulle aanspreeklik gehou word in ooreenstemming met bestaande bepalings in die Skolewet.

10. Klousule 13

- Hierdie klousule beoog om die HoD te bemagtig om 'n beheerliggaam te ontbind wat opgehou het om funksies te verrig wat ingevolge die Wet toegewys is, indien daar redelike gronde is om dit te doen.

- Die Skolewet verleen nie die bevoegdheid aan die HoD om 'n beheerliggaam te ontbind nie, maar die voorgestelde wysiging handel oor besluite wat die HoD mag neem ná ontbinding. Die voorgestelde bewoording stem ook nie ooreen met die opskrif van die afdeling nie.

11. Klousule 16

- Hierdie klousule bepaal dat slegs 'n ouerlid van 'n beheerliggaam wat nie by die skool in diens is nie, mag dien as voorsitter van die finansiële komitee van die openbare skool.

- In die praktyk kan dit probleme in skole skep waar geen sodanige ouer met die nodige finansiële kundigheid tot die SBL gekies is of waar daar nie so iemand in die ouerkorps van die skool is nie. Die voorsitter van die finansiële komitee van 'n skool moet ten minste 'n mate van agtergrond in finansiële bestuur hê. Hierdie wysiging moet eerder insluit dat die voorsitter van die finansiële komitee verkies moet word vir sy / haar kundigheid in finansiële bestuur.

12. Klousule 19

- Klousule 19 bepaal dat die beheerliggaam ook die goedkeuring van die LUR moet verkry om huurooreenkomste vir enige doel aan te gaan.

- Die konsep "huurkontrak" word nie in die Wet omskryf nie. Die algemene begrip (en wetlike definisie) van huurkontrak is 'n ooreenkoms waarvolgens eiendom beskikbaar gestel word vir gebruik deur 'n ander teen betaling van vergoeding. Is dit regtig die bedoeling dat SBL se toestemming van die LUR moet verkry om die skoolsaal (of enige ander eiendom) vir 'n enkele vergadering uit te huur?

13. Klousule 21 (6) en (7)

- Ingevolge hierdie klousule moet enige beduidende of wesenlike afwyking van die aanvanklike goedgekeurde begroting aan 'n algemene vergadering van ouers voorgelê word vir oorweging. Die voorgestelde nuwe voorskrif bepaal dat 'n kworum van 15% van die ouers benodig word en dat indien 'n kworum nie by die eerste vergadering bereik kan word nie, 'n tweede vergadering gereël word waar geen kworum nodig sal wees nie.

- In die praktyk het dit gebeur dat net minder as 15% van die ouers vir sulke vergaderings opgedaag het, wat sowat 200 mense verteenwoordig, en dan kom slegs 20 mense op vir die tweede vergadering. Die begroting word dan bespreek en goedgekeur deur 'n aansienlike kleiner aantal ouers. Die voorgestelde wysiging is dus teenproduktief.

14. Klousule 22

- Hierdie klousule bepaal watter dokumentasie die beheerliggaam mag of behoort te oorweeg wanneer besluit word oor 'n aansoek deur die ouer van 'n leerder vir vrystelling van die betaling van skoolgeld.

- Beperkings sal op SBLe geplaas word ten opsigte van hul reg om te besluit oor die vrystelling van betaling uit skoolgeld. Skole sukkel reeds om begrotings te laat klop weens die hoë persentasie ouers wat nie skoolgeld kan bekostig nie. Hierdie beperkings sal die proses om skoolgeld in te samel nog moeiliker maak. Beperkings word op SBLe geplaas met betrekking tot inligting wat verkry kan word rakende die bruto inkomste van ouers.

Verder is 'n egskeidingsbevel of egskeidingsooreenkoms irrelevant vir die doel om te bepaal of ouers op vrystelling geregtig is.

15. Klousule 23 (4) (a)

- Klousule 23 beoog om artikel 43 van die SASW te wysig om die HoD te bemaatig om:
(a) beamptes te magtig om 'n ondersoek na die finansiële sake van 'n openbare skool te doen; (b) die Ouditeur-Generaal te versoek om 'n oudit van die rekords en finansiële state van 'n openbare skool te onderneem; of (c) forensiese ouditeurs of forensiese ondersoekers aan te stel om 'n forensiese ondersoek na die finansiële sake van 'n openbare skool te doen.

- In die praktyk beteken hierdie voorgestelde wysiging dat enige beampte selfs sonder die nodige finansiële kennis en kundigheid 'n finansiële ondersoek by 'n skool kan doen. Die HoD word ook amper vrye teuels gegee om in die finansies van 'n skool betrokke te raak, sonder om redelike of regverdige rede te toon.

16. Klousule 23 (5) (a)

- Hierdie klousule plaas 'n verantwoordelikheid op die beheerliggaam om die HoD van kwartaallikse verslae oor alle inkomste en uitgawes te voorsien ooreenkomstig die voorskrifte van die Departementshoof.

- Die indiening van kwartaallikse verslae, afgesien van die jaarlikse geouditeerde finansiële state, wat 'n beheerliggaam moet indien, sal 'n finansiële en administratiewe las op die beheerliggaam en die skool se hulpbronne plaas. Dit is moeilik om te sien hoe die indiening van ekstra verslae of dokumente op 'n kwartaallikse basis die wanbestuur van finansies sal bestry. Die bepaling, indien behou, moet dus geïndividualiseer word in gevalle waar voldoende redes vir sodanige verslae bestaan, bv. waar daar onreëlmatighede in Skole-uitgawepatrone is of waar 'n ander regverdige rede vir sodanige ingryping teenwoordig is.

17. Klousule 26 (3)

- Klousule 26 (3) skep 'n misdryf waar die ouer van 'n leerder vals of misleidende inligting voorlê, of 'n vervalste dokument indien ter ondersteuning van 'n aansoek om toelating tot 'n openbare skool of vir vrystelling van die betaling van skoolgeld.

- Hierdie wysiging beoog om die risiko's verbonde aan die verskaffing van valse inligting uit te skakel. Beheerliggame sal ouers aanspreeklik kan hou wanneer hulle valse inligting verskaf. FEDSAS ondersteun hierdie invoeging sterk.

18. Klousule 27

- Klousule 27 voeg 'n nuwe bepaling in die SASW in om te voorsien in geskilbeslegtingsmeganismes in die geval van 'n geskil tussen die HoD en 'n beheerliggaam.
- Partye moet nou sinvol met mekaar onderhandel om geskille op te los. Daar word gehoop dat hierdie wysiging koste vir alle betrokkenes sal bespaar, en die partye in staat sal stel om geskille vriendskaplik op te los. FEDSAS ondersteun die beginsel van die invoeging van hierdie bepaling.

19. Klousule 32

Sien kommentaar onder klousule 10.

20. Klousules 33 en 35

Sien kommentaar onder klousule 10

21. Klousule 41

Klousule 41 voeg 'n nuwe bepaling in die Wet op die Indiensneming van Opvoeders in, wat vereis dat opvoeders hul finansiële belange sowel as die finansiële belange van hul gades of persone wat by sodanige opvoeders woon, asof hulle met mekaar getroud is, moet verklaar. Versuim om dit te doen sal wangedrag daarstel.

- Hierdie voorgestelde inskrywing in sy huidige bewoording vorm 'n skending van opvoeders sowel as hul eggenote of vennoot se reg op privaatheid.

Paul Colditz

Uitvoerende hoof: FEDSAS